# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 15 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 22 MEI 2026




**MEI**
**23** DIAMANTVELD

**JUNIE**
**1** EKSAMEN BEGIN GR 12

**26** SKOOL SLUIT

**Volg JF SOSIALE MEDIA**

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF


www.jf.co.za

Belangrike datums

# JUNIE

06 Junie: Netbal: VS-oefenkamp.
06 Junie: Rugby: VS-bondedag.
12 - 13 Junie: Netbal: DSTV, VS-dag. Motsepe 0/15.
13 Junie: Hokkie, VS-dag.
15 Junie: Skool vakansiedag
16 Junie: Jeugdag
20 Junie: Netbal VS-oefenkamp
21 Junie: Vadersdag
26 Junie: Skool sluit.

Eksamenrooster op bl 4 & 5
1-26 Junie



# Mei 2026

| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
|---|---|---|---|---|---|---|
|  | | JFFJ | | Koskasdag<br>ATKV Redenaars Semifinaal<br>Potspel<br>Landloop | Wisk: Nautilus<br>Diamantveld | |
| **25** | **26** | **27** | **28** | **29** | **30** | **31** |
| Oppi Tong Af semi-finaal | | JFFJ  | | Landloop  | | Kerkparade |

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Warm groete vanuit die kantoor, nadat ons 'n baie goeie "Classic Clash" teen Sentraal beleef het. Dit was 'n kultuur- en sportfees van hoogstaande gehalte. Ék is baie trots op elke leerder wat JF verteenwoordig het… Julle was ware wenners op die veld en van die veld af. Tellings het nie altyd die passie, entoesiasme en vasbyt op die telbord weerspieël nie. Dankie vir jul 'groen'harte!

Baie dankie ook aan al die JF-ouers, ondersteuners en oud-skoliere. Die hoeveelheid wat opgedaag het by die verskillende wedstryde en ook jul optrede langs die velde, het my net weer laat besef hoekom JF 'n gesogte skool in die Bloemfontein-gemeenskap is.

In die komende week vind die laaste ligawedstryde van die kwartaal plaas, en Saterdag is dit ons Wesgrow-bepaling teen Hoërskool Diamantveld van Kimberley. Dit is 'n tuis-inter, en daarom weer 'n vriendelike uitnodiging om dit in groot getalle te ondersteun. Sover verloop die wintersportprogram baie goed en ons dankbaar vir vele puik prestasies. Beserings bly maar altyd 'n realiteit en dus wens ons elke leerder wat tans gebuk gaan onder beserings net die beste toe in hul herstelproses.

Baie sterkte aan die graad 10 – 12 leerders wat Maandag, 1 Junie 2026, met hul Junie-eksamen begin. Dit is tyd om die middernagolie te brand en skouer aan die wiel te sit. Punte wat nou verdien word, het 'n wesenlike invloed op elke leerder se jaarpunt. Maak asseblief seker van die eksamenrooster, eksamendrag, eksamenreëlings en eksamentye. Hierdie inligting word op harde kopieë aan leerders uitgedeel en sal ook elektronies aan die leerders en ouers beskikbaar gestel word. Leerders word nie toegelaat om op ander dae hul vraestelle te skryf nie, en slegs mediese sertifikate kan as bewys ingedien word vir afwesighede in die eksamen. Skoolbywoning van die graad 8 en 9 leerders tot en met 5 Junie 2026 is ontsettend belangrik, en sal streng gemonitor word.

**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**

Ek probeer altyd om in die weekbrief die glas eerder half vol as half leeg te sien, veral omdat ons in 'n tyd leef van geweldige kritiek, pessimisme en soms 'n gevoel van moedeloosheid. Tog moet ek hierdie klippie in die skoen aanspreek omdat dit 'n direkte impak op die daaglikse bestuur van die skool én die akademiese vooruitgaan van elke leerder het. Afwesighede en uitteken van leerders het 'n uitdaging geword en ek het baie begrip het vir leerders wat ernstig siek is, spesialiste moet sien of as daar spesiale gevalle van familieverantwoordelikhede is. Ons benodig egter u hulp in hierdie verband om toe te sien dat kinders skool pligsgetrou sal bywoon en nie sommer net wegbly of uitgeteken word nie. Veral op Vrydae word 'n noemenswaardige aantal leerders na pouse uitgeteken en hul verloor kosbare akademiese tyd. Die naweek begin amptelik eers 13:40 op 'n Vrydag en u samewerking in hierdie verband sal baie waardeer word.

Ek sluit af met hierdie wyse woorde: As jy min het, soek jy meer… As jy meer kry, soek jy nog meer… maar as jy alles verloor, besef jy MIN was dalk GENOEG.

*As jy min het, soek jy meer...*

*As jy meer kry, soek jy nog meer...*

*maar as jy alles verloor, besef jy*

**MIN was dalk GENOEG.**



# Eksamen

## JUNIE 2026 ROOSTER

| DATUM | 8 | 9 | 10 | | 11 | | 12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Oggend | Middag | Oggend | Middag | Oggend | Middag |
| 1 Junie | | | RTT V1 (2½ure) | Engels V3 (2½ure) | LO (2½ure) | IGO V1 (2½uur) | Rek V1 (2ure) | Afrikaans V2 (2½ure) |
| 2 Junie | | | Rek (2½ure) Geskiedenis (2ure) | | Engels P1+2 (2½ure) | IT V1 (3ure) | RTT V1 (3ure) Musiek V1 (3ure) | Toerisme (3ure) |
| 3 Junie | | | Verbruikers (2ure) IT V1 (3 ure) | | RTT V1 (2½ure) | IGO V2 (2½ure) | Afrikaans V1 (2ure) | IT V1 (3ure) Kuns (3ure) |
| 4 Junie | | | Drama (2ure) | Afrikaans V1 (2ure) | Drama (3ure) | | Rek V2 (2ure) | RTT V2 (3ure) |
| 5 Junie | | | LO (2½ure) | | Wisk V1 (2ure) Wisk G V1 (1½ure) | | LWet V1 (2½ure) | IGO V1 (3ure) Musiek V2 (2ure) |
| 8 Junie | SK (1uur) | LO (1½uur) | Afrikaans V2 (2½ure) | | Wisk V2 (2ure) Wisk G V2 (1½ure) | | LWet V2 (2½ure) | IGO V2 (3ure) |
| 9 Junie | Engels (2uur) | SW Gesk (1½uur) | Toerisme (1½ure) | IGO V1 (2ure) | Besigst V1 (2ure) IT V2 (3ure) Kuns (3ure) | | Geografie V1 (3ure) Drama (3ure) | IT V2 (3ure) |
| 10 Junie | LO (1½uur) | Engels (2ure) | RTT V2 (2ure) IT V2 (3ure) Musiek V1 (3ure) | Musiek V2 (3ure) | Fis Wet (3ure) Besigst V2 (2ure) | Afrikaans V3 (3ure) | Verbruikers (3ure) | Afrikaans V3 (3ure) |
| 11 Junie | NW Materie (1uur) | EBW (1½uur) | Engels P1+2 (2½ure) | Kuns (3ure) | Verbruikers (2½ure) Musiek V1 (3ure) | Musiek V2 (3ure) | Engels P1 (2ure) | |
| 12 Junie | SW Gesk (1½ure) | NW Lewe (1uur) | LWet (2½ure) | | LWet (2½ure) | | Wisk V1 (3ure) Wisk G V1 (2ure) | |
| 15 Junie | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | |
| 16 Junie | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | | VAKANSIEDAG | VAKANSIEDAG | |

# Eksamen


## JUNIE 2026 ROOSTER

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 Junie | Tegnologie (1uur) | Wiskunde (2ure) | Fis Wet (3ure) | | Geografie (2½ure) | Afrikaans V2 (2½ure) | Wisk V2 (3ure) Wisk G V2 (2ure) | |
| 18 Junie | EBW (1½uur) | SK (1uur) | Geografie (2½ure) | | Afrikaans V1 (2ure) | RTT V2 (2½ure) | Engels P2 (2ure) | |
| 19 Junie | Afrikaans (2uur) | SW Geo (1½ure) | Besigheids (3ure) | | Rek V1 (2ure) | | Fis Wet V1 (3ure) Besigheid V1 (2ure) | |
| 20 Junie | | | | | | | | |
| 21 Junie | | | | | | | | |
| 22 Junie | NW Lewe (1uur) | NW Materie (1uur) | Wisk (3uur) Wisk G (2uur) | | Rek V2 (2ure) Dramaprak | | Fis Wet V2 (3ure) Besigheid V2 (2ure) | |
| 23 Junie | Wiskunde (2ure) | Tegnologie (1uur) | Toerisme PAT | | Toerisme (2ure) | | Geografie V2 (3ure) Dramaprak | Ekonomie V2 (2ure) Dramaprak |
| 24 Junie | SW Geo (1½ure) | Afrikaans (2ure) | Dramaprak Toerisme PAT | | Toerisme PAT | | LO (2ure) | Ekonomie V1 (2ure) |
| 25 Junie | REM | | Dramaprak | | Toerisme PAT | | | |
| 26 Junie | REM | REM | REM | | | | | |

Filippense 4:13, wat sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"

**STERKTE**

**VOORBEREIDING IS DIE SLEUTEL TOT SUKSES!**



# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Dit is die behoefte van ons hart om vir elke ouer/voog wat getrou hul skoolgeld betaal, dankie te sê. U getroue betaling help ons om 'n skool van uitnemendheid te bly.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is aangetoon op u staat van 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel 'n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word, tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief u skoolfonds op datum te hou. Dankie aan elke ouer wat 'n reëlings kom tref het t.o.v. agterstallige skoolfonds en sodanige ondernemings getrou nakom.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za**

## NUUS UIT DIE KLEREBANK

**Vanaf nou tot en met 5 Junie sal die Klerebank gedurende gewone tye oop wees:**

**Maandag: 10:20-11:20**
**Dinsdag: 10:20-11:20**
**13:30-14:00**
**Woensdag: 7:00-7:30**
**10:20-11:20**
**Donderdag: 10:20-11:20**
**Vrydag: 10:20-11:20**

**Vanaf Maandag 8 Junie tot 25 Junie sal die Klerebank oop wees vir eksamentye:**
**Maandag tot Vrydag slegs 7:30-8:00**




# Dankbaarheids-Donderdag 7

## Die Kuns van Klein Dinge (Alledaagse Vreugde)

Ons leef in ’n wêreld wat ons leer dat "groter" altyd "beter" is. Ons wag dikwels vir die groot oomblikke om gelukkig te wees – die vakansie, die nuwe foon, of die groot matriekafskeid. Maar die lewe gebeur eintlik in die klein, onopvallende oomblikke tussenin. Ware lewensvreugde word gevind in die reuk van ’n warm koppie koffie of tee op ’n koue oggend, ’n grappie in die gang wat jou laat lag tot jou maag pyn, of die eenvoudige feit dat jou liggaam gesond genoeg is om vandag op te staan en skool toe te kom. As ons leer om "dankie" te sê vir die klein bederfies van die dag, raak ons harte minder swaar en die wêreld skielik baie helderder.

"Laat die woord van Christus in sy volle rykdom in julle bly...
Sing lieflike dankliedere tot eer van God in julle harte." – Kolossense 3:16

**Here, maak asseblief my oë oop vir die duisende klein geskenkies wat U elke dag oor my pad stuur. Dankie vir die gemak van warm klere, die smaak van kos en die lag van ’n mede-leerder. Help my om te onthou dat elke klein dingetjie eintlik ’n groot seën uit U hand is.**

**Amen.**

*As ons leer om "dankie" te sê vir die klein bederfies van die dag, raak ons harte minder swaar en die wêreld skielik baie helderder.*



UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# TIENERS EN GEESTESGESONDHEID: HOE OM U KIND TE ONDERSTEUN



Hoërskool kan opwindend wees, maar word ook gekenmerk deur stres en druk vir sommige tieners wees. Baie tieners staar daagliks uitdagings soos akademiese stres, boeliegedrag, groepsdruk, familiekwessies en finansiële swaarkry in die gesig. Die tienerjare word verder gekenmerk deur baie onsekerheid oor die toekoms. Alhoewel dit normaal is vir tieners om met tye oorweldig of hartseer te voel, is 'n deurlopende depressiewe gemoed iets wat aandag en ondersteuning benodig.

Depressie in tieners lyk egter nie altyd soos ons dink nie. Baie ouers verwag dat hul kind aanhoudend sal huil of onttrek. Dikwels kom tieners met 'n depressiewe gemoed as kwaad en geirriteerd voor. Hulle is ook geneig om belangstelling te verloor in aktiwteite wat hul voorheen geniet het. Verder is drastiese veranderinge in slaappatrone, eetlus, akademiese prestasie en vriendskappe gevaartekens om voor uit te kyk. Depressie mag ook fisiese simptome hê. Tieners mag dalk skielik kla van gereelde kopsere, maagsere en aanhoudende moegheid sonder dat daar 'n mediese oorsaak is. Alhoewel tieners in hierdie ontwikkelingsfase dikwels meer privaatheid wil hê, is isolasie en vermyding van familie-interaksie ook gevaartekens. Laastens is dit belangrik om op te let of 'n kind skielik al hul tyd op sosiale platforms spandeer eerder as om werklike interaksies met ander te hê.

*Verder is drastiese veranderinge in slaappatrone, eetlus, akademiese prestasie en vriendskappe gevaartekens om voor uit te kyk.*




Ouers speel 'n uiters belangrike rol in die ondersteuning van kinders se geestesgesondheid. Die belangrikste ding wat ouers kan doen is om 'n veilige, nie-beoordelende omgewing vir hul kind te skep. Tieners is meer geneig om oop te maak oor hul gevoelens indien hulle weet hul ouers sal luister en nie kritiseer nie. Dit is belangrik vir ouers om rustig te bly en te luister na hul kind. Tieners reageer dikwels positief indien ouers erkenning gee aan tieners se gevoelens en seker maak dat hul kind weet hul hoef nie alleen deur dit te gaan nie.

Verder is dit voordelig om roetines in plek te hê wat tieners se geestesgesondheid ondersteun. Moedig genoeg slaap, gebalanseerde eetgewoontes, oefening en tyd sonder fone of sosiale media aan. Dit is ook voordeling om leerders aan te moedig om gesonde vriendskappe en familie-verhoudings te onderhou, om betrokke te wees by hul geloofsgemeenskap, en omstokperdjies te beoefen.

Van uiterse belang is dat ouers weet dat hul nie alleen is in die ondersteuning van tieners se geestesgesondheid nie. Maatskaplike werkers, sielkundiges, beraders, dokters en psigiaters is professionele persone wat leiding en ondersteuning aan beide ouers en tieners kan bied.
By Jim Fouché Hoërskool is ons toegewyd aan die geheelmensontwikkeling van u kind. Kontak gerus die Leerder Ondersteuning-en-ontwikkelingskantoor indien u kind ondersteuning benodig.


MA'S WAT OMGEE
MAAR GOD BEWYS SY LIEFDE VIR ONS JUIS HIERIN DAT CHRISTUS VIR ONS GESTERF HET TOE ONS NOG SONDAARS WAS.
ROMEINE 5:8 (AFR83)


WES grow
REEKS 2026
Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet
D.H.S.
A POSSE AD ESSE
FICHARDTPARK
GLO WERK DIEN
GOUDVELD - HOËRSKOOL
WELKOM
STREEF WERK OORWIN
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
B V H S
WERK EN WEN
PERSEQUOR
TRIO
8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.


SENTRA SKOLE SPORTREEKS 2026
PROGRAM
14 MAART
GV VS JF
WITT VS SENT
TRIO VS DHS
BVHS VS FHP
20 MAAR
SENT VS GV
21 MAART
JF VS WITT
DHS VS BVHS
FHP VS TRIO
11 APRIL
FHP VS JF
18 APRIL
FHP VS SEN
GV VS TRIO
25 APRIL
WITT VS GV
1 MEI
TRIO VS BVHS
1 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
9 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVH
16 MEI
DHS VS FHP
SENT VS JF
GV VS BVHS
WITT VS TRIO
23 MEI
JF VS DHS
BVHS VS WITT
25 JULIE
BVHS VS JF
DHS VS GV
TRIO VS SENT
FHP VS WITT
1 AUG
WITT VS DHS
GV VS FHP
JF VS TRIO
SENT VS BVHS

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

WES grow EST.1964

HOËRSKOOL SENTRAAL

WERK EN WEN

VS

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

15-16 MEI - HOËRSKOOL SENTRAAL

UFS

novus media community news

skilltracer

vkb

# Hokkie

**EERSTE SPAN DOGTERS**

**2 | 2**

| | |
|---|---|
| o. 18 B | 1 - 0 |
| o. 18 C | 3 - 0 |
| o. 16 A | 2 - 2 |
| o. 16 B | 0 - 5 |
| o. 14A | 1 - 2 |
| o. 14B | 0 - 1 |

# Hokkie

## EERSTE SPAN SEUNS

## 3 | 1

| | |
|---|---|
| o. 18 B | 1 - 0 |
| o. 16 A | 0 - 1 |
| o. 16 B | 2 - 1 |
| o. 14 A | 2 - 0 |

# Netbal

EERSTE SPAN

29 | 34

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 19B | 19-25 | o. 17 A | 21 - 17 |
| o. 19C | 26-13 | o. 16 A | 13 - 15 |
| o. 19D | 21-22 | o. 16 B | 10 - 29 |
| o. 19E | 16-19 | o. 16 C | 18 - 11 |
| o. 15 A | 4 - 15 | o. 14 A | 17 - 21 |
| o. 15 B | 21 - 21 | o. 14 B | 13 - 27 |
| o. 15 C | 12 - 12 | o. 14 C | 8 - 30 |
| o. 15 D | 8 - 13 | o. 14 D | 12 - 15 |
| | | o. 14 E | 8 - 20 |

# Potspel

Sentraal wen

# Skaak

32 | 32

# Rugby

## EERSTE SPAN

## 38 | 28

| | |
|---|---|
| o. 19 B | 17 - 13 |
| o. 19 C | 0 - 61 |
| o. 16 A | 19 - 26 |
| o. 16 B | 10 - 24 |
| o. 14 A | 12 - 14 |
| o. 14 B | 7 - 30 |
| o. 15 A | 19 - 40 |
| o. 15 B | 17 - 48 |

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD



### RUGBY
JÙAN SWART




## SPELER VAN DIE WEDSTRYD



### NETBAL
KYLA MYBURGH

cer vkb UFS nov

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD



### HOKKIE
MINKE LABUSCHAGNE EN
DORETHE MEYER

# CLASSIC CLASH 2026

In goue golwe wieg die koringare stil,
onder die son se sagte, warm gebril.
Die veld fluister stories van wind en tyd,
waar elke aar sy eie droom belei.
Tussen die stingels dans die bye lig,
met vlerke wat glinster in son se sig.
Hulle neurie liede van heuning en hoop,
van blom tot blom in 'n eindelose loop.
Die aarde asem rustig onder hul spel,
'n ritme so oud, net die natuur kan vertel.
Waar koring en bye saam hul werk verrig,
is daar lewe, oorvloed — eenvoudig en dig.
So groei die dag in goue harmonie,
met sagte gebrom en 'n sagte briesie.
En in daardie oomblik, so klein en so waar,
vind mens vrede...
tussen by en aar.

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

WES grow EST.1964 ®

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

VS

D.H.S.

A POSSE AD ESSE

HOËRSKOOL DIAMANTVELD

**23 MEI 2026 - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ**

UFS

SUPERSPORT SCHOOLS

novus media community news

skilltracer

vkb

KONICA MINOLTA

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

23 MEI - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

D.H.S. A POSSE AD ESSE

WES grow

## BEPALINGS : NETBAL

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 08:30 | o. 14A | o. 19B | o. 15B | o. 14D |
| 09:05 | o. 15A | o. 14C | o. 15C | |
| 09:40 | o. 16A | o. 14B | o. 14E | |
| 10:15 | o. 17A | o. 19C | o. 16B | |
| 11:00 | o. 19A | | | |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

23 MEI - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## BEPALINGS : HOKKIE

## JF - ASTRO

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 08:00 | o. 16B-dogters |
| 09:00 | o. 16A-seuns |
| 10:00 | o. 14A-dogters |
| 11:00 | o. 16A-dogters |
| 12:00 | Eerste span (dogters) |
| 13:10 | Eerste span (seuns) |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

**22 MEI - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ**

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## BEPALINGS:

## TENNIS

| | |
|---|---|
| Vrydag, 22 Mei 2026 | Vanaf 13:00 |

## PLUIMBAL

| | |
|---|---|
| Vrydag, 22 Mei 2026 | Vanaf 13:00 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

23 MEI - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## BEPALINGS : RUGBY

| TYD | A - VELD | B - VELD |
|---|---|---|
| 9:00 | o. 14A | Derde span |
| 10:10 | o. 15A | o. 16B |
| 11:20 | Tweede span | o. 14B |
| 12:30 | o. 16A | o. 15B |
| 13:40 | Eerste span | |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# Sport



# HOKKIE

| WEEK 5 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag 11/5 | 16:00 | 14B Dogters | EHS C | TUIS | 0-0 (gelyk) |
| | 15:00 | 16B Dogters | SMS A | TUIS | 0-3 (verloor) |
| Dinsdag 12/5 | 15:00 | 16A Dogters | OMS A | TUIS | 0-9 (verloor) |
| | 14:00 | 3de Seuns | Brebner 1 | WEG | 0-5 (verloor) |
| | 15:15 | 16A Seuns | Grey C | WEG | 3-0 (wen) |
| Woensdag 13/5 | 15:00 | 1ste Seuns | Saints 2 | TUIS | 4-2 (wen) |
| | 16:00 | 14B Seuns | Grey C | TUIS | 0-4 (verloor) |
| | 17:00 | 16B Seuns | Saints C | WEG | 0-2 (verloor) |
| Donderdag 14/5 | 15:15 | 1ste Dogters | EHS 1 | WEG | 0-10 (verloor) |
| | 14:00 | 2de Seuns | BFN 1 | TUIS | 9-0 (wen) |
| | 15:00 | 16B Dogters | Dr Viljoen | WEG | 2-0 (wen) |



## Hokkie Stadsliga


| WEEK 7 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Maandag 25/5 | 16:00 | 16B Dogte | OMS C | TUIS |
| Dinsdag 26/5 | 16:00 | 1ste Dogters | OMS 2 | TUIS |
| | 15:00 | 14B Dogters | OMS D | TUIS |
| | 14:30 | 3de Seuns | FHP 2 | WEG |
| Woensdag 27/5 | 16:00 | 16A Seuns | Grey A | TUIS |
| | 14:20 | 14A Seuns | Grey A | TUIS |
| Donderdag 28/5 | 16:00 | 14A Dogters | OMS A | WEG |
| | 16:30 | 16B Seuns | Grey D | TUIS |
| Vrydag 29/5 | 14:00 | 16B Seuns | Saints D | TUIS |
| | 15:00 | 14B Seuns | Saints 14C | TUIS |
| | 16:00 | 2de Seuns | Saints 3 | TUIS |

# Kultuur

## CLASSIC CLASHES
### JF vs. Sentraal
### Debat



Die junior debatspan wen hulle afdeling.



**Kaitlyn Luyt**
ontvang die prys vir
die beste taalgebruik
in die junior afdeling.



**Hannes Deacon**
ontvang die prys vir
die beste spreker in
die junior afdeling.



**Eben Sander**
ontvang die prys vir
die beste taalgebruik
in die senior
afdeling.

# Kultuur



## Dans

Baie geluk aan Carla Smit, met puik dansuitslae.

- 2 Mei: Dance Divas, Johannesburg
  - o 2de 17/O Champ Disco Solo
  - o 2de 17/O Champ Disco Slowdance
  - o 2de 16/17 Premier Champ Slowdance
  - o 2de 16/17 Premier Champ Freestyle Solo

- 8 Mei: SADTA Eisteddfod
  - o 99% 16/O Champ Slowdance
  - o 97% 16/O Acrobatic Solo
  - o 93% 16/O Acrobatic Group

- 9 Mei: Central Free State, Bloemfontein
  - o 1ste 17/20 Champ Disco Slowdance

- 16 Mei: Discorama, Johannesburg
  - o 2de 16/17 Premier Champ Slowdance
  - o 2de 16/17 Premier Champ Freestyle Solo

Carla vertrek 20 Junie na Blackpool, Verenigde Koningkryk om aan die Freestyle & Slowdance Wêreldkampioenskappe deel te neem.






# Landloop

















## Uitslae van die 2de Landloop-liga wat plaasgevind het op 15 Mei 2026.

AJ Theron het 'n eerste plek behaal in die Jong Mans afdeling. Hy het 2km in 7.41m gehardloop.

Rukaiya Sampson het 'n 5de plek behaal in die 4km Dogters 0/16.

Liané Hugo behaal 'n 10de plek in die 4km dogters 0/14.

Danisha Swanepoel behaal 'n 11de plek in die 4km dogters 0/14.

Minke Smit behaal 'n 14de plek in die 4km dogters 0/14.

Laura Pittout behaal 'n 15de in die 4km dogters 0/14. Laura en Minke se tyd is dieselfde 30.14 minute.

Alex du Plessis behaal 'n 10de plek in die seuns 0/16 se 6km.


Hoërskool
Jim Fouché
VAT VLAM
Die Piesangskille
19 SEPT '26
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span
22 September '26
BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB
STONEY'S Wheel & Tyre
AVIS
Merice - 063 202 6387
bemarking@jf.co.za


Hoërskool
Jim Fouché
VAT VLAM
Die Piesangskille
19 SEPT '26
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span

BUITESPORT
BOOGSKIET

# Katelynn Muller

Katelynn het op 2 en 3 Mei aan die *SANIFAA Nasionale Binnenshuise Kampioenskappe* in Bloemfontein deelgeneem.

Sy behaal 'n silwer medalje in die *Junior Female Freestyle Unlimited*-klas.





# AJ Theron

AJ het op 16 Mei 2026 aan die Vrystaat Duathlon-kampioenskappe by Maselspoort deelgeneem.

Hy het 'n 1ste plek in die seuns o. 19-afdeling behaal en is gekies om die Vrystaat by die Suid-Afrikaanse Duathlon-kampioenskappe in Hoekwil te verteenwoordig .



BUITESPORT
DUATHLON


BUITESPORT KARATE

# Cara Hoffman

Cara het op 9 Mei 2026 aan die *JKS Nasionale Kampioenskappe* in Pretoria deelgeneem.

**Sy behaal die volgende prestasies:**
Kumite - Goud (Nasionale Kampioen)
Span Kumite - Goud (Nasionale Kampioene)
Kata - Silwer

Sy eindig individueel onder die Top 10.




# Xander de Reuck

BUITESPORT KARATE

Xander het op 9 Mei 2026 aan die *JKS Union of South Africa National Championships* in Tshwane deelgeneem.

In die *Elite* 14-15 jaar-mansafdeling behaal hy bronsmedaljes in beide kata en kumite.

Op grond van hierdie prestasie is hy in die JKS U-SA Nasionale span ingesluit wat aan die 7de *JKS Karate-do International Cup* 2026, wat van 17-25 Augustus 2026 in Brasilië plaasvind, gaan deelneem.






# Classic Clash GEES

https:..www.jfoester.co.za. <<<


HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
HOKKIE
Classic Clash
KWIK SPAR
GARDENIA
https:..www.jfoester.co.za.<<<



Oester
Die storie
stories
McDonald's
i'm lovin' it
RUGBY
Classic Clash
https:..www.jfoester.co.za.<<<

# Oester


Die storie agter die stories

# Netbal Classic Clash




https:..www.jfoester.co.za.<<<














# BESTEL NOU VIR DIE SEISOEN








karri

POWERED BY NEDBANK












#trotsJF

WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580



## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460



## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166



## LIP BALM

R30



## VISOR

R166




## BUFF

R80



## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED

R230



## JF PIN

R80